

28 November

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:3-16
Fokusgedeelte: NGB, Art 30

Die kerkraad help armes

Armoede is in die eerste plek 'n familiesaak. Iemand wat nie vir sy "eie mense" sorg nie is "slegter as 'n ongelowige." So sê Paulus in vers 8. Maar daar is tog gevalle waar die familie nie kan of wil help nie. Dan moet die gemeente betrokke raak. Ons is mos mekaar se "eie mense".

Die armes van Efese was hoofsaaklik weduwees. Baie weduwees was in daardie tyd na die dood van hulle huweliksmaats in groot finansiële nood. Hulle broodwinner was nie meer daar nie, daar was geen pensioene, polisse of welsynsondersteuning nie en 'n weduwee is ook nog aanspreeklik gehou vir die skuld van haar man. Weduwees was in daardie tyd werklik die armstes van die armes en is dikwels uitgebuit (Matt 23:14).

Om vir sulke armes te sorg is een van die moeilikste take van 'n kerkraad. Besondere gawes word benodig om die ware nood te identifiseer, die beskikbare fondse verstandig uit te deel en versigtig te bestuur. In ons Skrifgedeelte sien ons hoe verstandig en kreatief Paulus in sy opdragte is:

Die gesonde geestelike lewe van die behoeftige is vir hom die heel belangrikste (vers 5-7, 13).

Waar moontlik, word behoeftige persone aangemoedig om weer selfversorgend te raak (vers 14).

Hy organiseer die mense met nood om diens te lewer aan ander mense met nood (9-10)!

Hy betrek gemeentelede in die versorging van behoeftiges (vers 16).

Versorging van die weduwees (armes) IS "egte en suiwere godsdiens" (Jak 1:27). Luister ook na hierdie wonderlike belofte (Spr 19:17): "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed."

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)